Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V2

SEPTEMBER 2019

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 38 bladsye.

Kopiereg voorbehou

RIGLYNE VIR NASIENERS

1. As ôn kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidaat mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As ôn kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As ôn kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ôn kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As ôn kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As ôn spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer op meriete en bespreek met vakhoof. Die memorandum is slegs ôn riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As die kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ôn vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - ôn Reeks treffende argumente is stellings wat met:
      - relevante verduidelikings gemotiveer word./
      - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
      - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.

- ôn Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie.**
- Lees die opstelvraag ôn tweede maal om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.
- Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om ôn bepaalde punt by die inhoud toe te ken **nie**.

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

"eerste worp" – TT Cloete

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAE – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis ôn breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

Beide kante van die deurlopende kontras moet in die bespreking genoem word.

- **Ons/Suider-Afrika het nie bevaarbare riviere nie. In kontras daarmee het ons net droë lope.** Bv. Versreëls 2 en 13**:***geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie* teenoor *ons het baie droë lope./* Bv. Versreël 2 en 14**:***ons het baie droë lope teenoor* en *oerrivierbeddings met ou inheemse name.*
- **Ons het nie riviere wat breed is nie; ons het baie droë lope.** Bv. *geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie* teenoor *ons het baie droë lope.*
- **Verder het Suider-Afrika 'n droë streek/uitgestrekte woestyn en nie baie dele wat baie reën ontvang nie./** Bv. Versreël 3 en 10**:***die min wolke wat ons het, is yl versprei* en *maar ons het uitgestrekte woestyne*
- **Die kontras kom nie net in die natuur voor nie. In Suider-Afrika het ons nie groot metropole met 'n hoë bevolkingsdigtheid nie, maar uitgestrekte woestyne/** Bv. Versreël 4 en 10: *ons het nie groot metropole nie* teenoor *maar ons het uitgestrekte woestyne*
- **Ons het nie donkergroen woude nie, maar in Suider-Afrika het ons krom grys bome./** Bv. Versreël 5 en 11: *Ons is sonder groot donkergroen woude* teenoor en *krom grys bome wat houtbeen vasskop*
- **In Suider-Afrika het ons nie baie groot name soos Beethoven, Dante, Rembrandt en Brabante nie. Ons het slegs ou inheemse name/** Bv. Versreël 6 en 14:*dun is ons geskiedenis met min groot name* teenoor *en oerrivierbeddings met ou inheemse name*
- **In Suider-Afrika het ons nie die uitgebreide geskiedenis van die ander wêrelddele nie, net die baie reste na aan die eerste worp – die ryk geskiedenis wat die natuur vertel. (Die jakkals se fossielskreeu, angstjank en primitiewe spotlag)/** Bv. Versreël 6 en 7:*dun is ons geskiedenis met min groot name* teenoor *soos beethoven of dante of rembrandt of bramante*

• **Dante se letterkunde word gestel teenoor die stories wat Suider-Afrika se plekname vertel./** Bv. Versreël 7 en 15: *soos beethoven of dante of rembrandt of bramante* teenoor *soos gourits en storievertelname soos skrij of kameelsleep en lijersdraai.* Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[10]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

"Versagtende omstandighede" – Peter Snyders

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	Die titel is ón regsterm wat in die hof gebruik word wanneer iemand pleit dat sy vonnis versag/verminder moet word. ✓ Normaalweg sou ón mens pleit dat jou sondes vergewe word sodat jy hemel toe kan gaan, maar in hierdie gedig vra die spreker versagtende omstandigede omdat die omstandighede in die hemel vir hom soos ón lewenslange vonnis klink en hy verkies om op die aarde te bly en nie hemel toe te gaan nie.✓ *Beide kante van die ironie moet aangedui word vir EEN punt.*	1 1
2.2	Ek-spreker/ Iemand uit die bruin gemeenskap van die Kaap/'n Persoon wat nie hemel toe wil gaan nie. ✓ Die ek-spreker maak die *versagtende omstandighede* wat die spreker in die gedig vra, persoonliker./eerliker./oortuigender./ Die behoeftes van die persoon word die beste deur homself oorgedra./ Die spreker praat in die Kaapse variëteit.✓	1 1
2.3	Paradoks/Teenstelling/Kontras✓ Die spreker gebruik dikwels vloekwoorde/kru taal,✓maar die spreker sal dit ook as ón vloek (straf) beskou as hy in die perfekte hemel moet beland.✓	1 2
2.4	Suid-Afrika is (tans) in 'n ñhistoriese tydòwaarin 'n nuwe begin van samewerking (tesamebeleid) ingegaan word./ Einde van die apartheidsjare en nuwe geskiedkundige tydperk.✓	1
2.5	Metafoor.✓ Ja. Die beeld is geslaagd omdat die spreker die hemel vergelyk met ón begraafplaas waar dit altyd stil en neerdrukkend is (wat aansluit by die redes wat hy reeds aangevoer het waarom hy nie wil hemel toe gaan nie).✓ **OF** Nee. Die beeld is nie geslaagd nie omrede ón mens die ewige lewe in die hemel het en die ewige lewe nie met die dood vergelyk kan word nie.✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoorde vir EEN punt aan.*	1 1

[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

"'n brief van hulle vakansie" – Breyten Breytenbach

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	ñhuilò✓ Die innerlike handeling (ñtreurò) word nou waargeneem in ón uiterlike handeling (ñhuilò).	1 1
3.2	Alliterasie/s-alliterasie✓ Dit verwys na die kusdorp ñStilbaaiò(ón plek).✓ Die woord/naam kan ook ón figuurlike vooruitwysing na die naderende dood wees.✓	1 1 1
3.3	Vergelyking✓ ón Bruid dui gewoonlik op blydskap/nuwe begin, maar Trixie vrek (hartseer).✓ *Beide kante van die ironie moet aangedui word vir EEN punt.*	1 1
3.4	Sinestesie.✓	1
3.5	Hartseer/nostalgies/weemoedig.✓ Ja In hierdie brief word daar op ón hartseer/nostalgiese/weemoedige wyse berig oor die spreker se herinneringe aan sy ouers wat hy nie meer dikwels sien nie/ word daar berig oor die spreker se hartseer/ nostalgie/ weemoed oor sy ouers se fisiese agteruitgaan waaraan hy niks kan doen nie. ✓ *NEE kan nie as antwoord aangebied word nie.*	1 1

[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

"besoekersboek" – Fanie Olivier

Vraag	Antwoord	Punt
4.1.1	Die spreker maak met die woord ñingekrapòdie graffiti in die sel meer permanent. / ñUitkrapòkan beteken om uit te wis, wat nie is wat die persoon wou doen nie ï hy wou dit vir altyd ñinkrapò ✓ Dit staan tussen hakies/is ón parentese Voorplasing Enjambementsposisie. Die akuutaksentteken op die ñò✓✓ (Enige 2)	1 2
4.1.2	Dit is plekke waar mense **tydelik** vertoef.✓ Die mure waarop die graffiti aangebring word om te wys dat die persoon tydelik daar vertoef het/besoek afgelê het. ✓	1 1

4.2	Die spreker vra vrae waarop hy/sy nie antwoorde verwag nie/die retoriese vrae beklemtoon die universele verskynsel dat mense iewers ôn merk wil laat/van geweet wil wees. ✓ *Kandidaat kan nie 'n generiese antwoord oor die retoriese vraag aanbied nie.*	1
4.3	Werklike reis: besoek aan Egipte/besoek aan plek met hiërogliewe/ besoek aan ôn jagplaas/besoek aan plek met rotstekeninge teen ôn krans. ✓ Die mens se lewensreis/se aardse bestaan/lewenservarings. ✓	1 1
4.4	Dit is ironies dat die kind wat die simbool van die toekoms is, siek is/seer hoes. ✓ *Beide kante van die ironie moet genoem word.* Ja Die ironie is geslaagd, want dit sluit aan by die tema dat die mens sterflik/verganklik/tydelik is. ✓ *NEE kan nie as antwoord aangebied word nie.*	1 1

[10]

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

"Ek het 'n huisie aan die Rand" – Pirow Bekker

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Die gedig het 14 versreëls / Die gedig bestaan uit 3 kwatryne en ôn rymende koeplet. / Die versreëls is almal ewe lank.✓ ✓ (Enige 2)	2
5.2	Denotatief: in die donker / laat in die aand.✓ Konnotatief: dit gaan sleg/ daar is baie/groot probleme.✓ Gevare soos geweld en misdaad vind dikwels in die nag plaas/ôn mens voel die minste veilig wanneer dit nag is.✓	2 1
5.3	Personifikasie✓	1
5.4	Herhaling ✓ Die spreker beklemtoon daarmee presies hoe veilig hy teen indringers in sy huis voel.✓ *Kandidaat kan nie 'n generiese funksie as antwoord aanbied nie.*	1 1
5.5	Die gedig handel oor die vrees wat die modern mens het vir allerlei gevare, soos misdaad en hoe hy hom daarteen wil beveilig.✓ Ja, dis gepas. In Suid-Afrika is daar baie misdaad en mense is altyd bewus daarvan, daarom skryf mense daaroor.✓ **OF**	1

	Nee, dis onvanpas. Gedigte is veronderstel om mooi te wees, mense wil nie nog wanneer hulle met die kunste te doen het, aan misdaad herinner word nie.✓ *Enige soortgelyke motivering kan as antwoord aangebied word.*	1

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis ôn breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ôn gepaste inleiding aan.

- **Iris voel aanvanklik dat sy nie wil trou nie, omdat sy nie vasgevang wil wees in die soort huwelike wat sy om haar sien en ervaar nie.**/ Bv. bl. 82: *"Ek wil nie trou nie." ... My redes was moeilik verklaarbaar, selfs aan myself. Die onwilligheid was nie net vanweë my eie ouers se huwelik nie; ...*
- **Die Engel het van vroeg af vir Iris probeer wys dat daar meer as een blomoomblik is, want Joe kan dalk nuwe deure vir haar oopmaak.**/Bv. bl. 101: *"Sies," het die Engel in my oor gesis.*
- **Die Engel het van vroeg af vir Iris probeer wys dat daar meer as een blomoomblik is, want die Engel probeer Iris oortuig om saam met Peter Vermont toe te gaan./**Bv. bl. 133: *"Sien jy?" het die Engel gesê. "Jou dom aap."*
- **Die Engel laat Iris besef dat haar blomoomblik nie noodwendig iets groots hoef te wees nie, want sommige blom ongesiens./stil-stil./**Bv. bl. 195: *Party mense blom ongesiens, ... So onverwags dat niemand dit eers opmerk nie.*
- **Die Engel bring Iris tot insig dat die blomnaam en die lelie niks met haar toekoms te doen het nie, want 'n naam is net 'n naam.**/Bv. bl.187: *"Net sowel," het hy gesê. "Ek sien geen verband tussen jou lelie en enigiets wat ons vannag bespreek het nie."*
- **Die Engel lei haar tot die insig dat hy nie haar toekoms bepaal nie**, **omdat sy haar eie toekoms moet opdroom en kyk of sy daarvan hou.**/Bv. bl. 179: *"Droom dit op en kyk of jy daarvan hou."*
- **Die Engel laat Iris besef dat die lewe nie 'n storie is nie, want sy is verantwoordelik vir haar keuses en eie lewe.**/Bv. bl. 217: *"Ek is nie 'n loopring nie."*

- **Die Engel lei haar tot die besef dat sy ook elke dag kan blom./Alhoewel Iris besluit om met Peter te trou, vra sy tog die Engel of dit die regte besluit was**./Bv. bl. 209: *"Nou ja. Waarom vra jy dan? Ek was self nie seker nie. Goedkeuring, miskien."*
- **Peter laat Iris twyfel oor die betekenis van haar naam, omdat hy hewig van haar verskil oor die belangrikheid wat sy aan haar naam en die een blomoomblik heg.**/Bv. bl. 132: *"Jou teorie is net op elke tweede mens van toepassing."*
- **Peter stel haar voor 'n ultimatum om óf die modelkontrak te aanvaar óf saam met hom na Vermont toe te gaan. Hy is moeg gewag vir haar soeke na haar blomtyd en weiering om haar tot 'n vaste verhouding te verbind./**Bv. bl. 133: *"Ek gaan nie in jou pad staan nie, Iris. As jy wil blom onder ateljeeligte met mense wat jou deurmekaar gaan boelie, moet jy dit doen. Ek gaan Vermont toe."*
- **Aan die einde van die roman verstaan Iris dat die lewe nie 'n soeke na een hoogtepunt is nie, omdat elke dag saam met Peter sy eie spesiale oomblikke inhou./sy nie sonder Peter kan klaarkom nie./**Bv.bl. 209: *"Sonder Peter kan ek tog regtig nie klaarkom nie."* /Bl. 220: *"Wees geduldig", sê ek. "Dis amper tyd."*
- **Die werklikheid saam met Peter kan net so magies wees as die beste fantasie, daarom is Iris bereid om vrede te maak met die realiteit van 'n geroetineerde voorstedelike bestaan**./Bv. bl. 187: *"Gebeur dinge nie maar sommerso nie? My lewe bestaan uit onsamehangende flardes."*
- **Iris se gesprekke met Billy lei haar tot gedeeltelike insig, omdat sy teenoor hom moet erken dat sy nog eers moet uitvind wie die hoër Gode is voordat sy kan blom./**Bv. bl. 104: *"Ek glo nie eintlik die laaste een nie, maar die eerste een is wel van toepassing."*
- **Billy waarsku Iris oor haar blomtyd, omdat nie alle bolle tot bloei kom nie./**Bv. bl. 105: *"Dis alles goed en wel dat jy wil blom, maar gestel die man spit jou uit?"*
- **Die Engel laat haar haar toekoms opdroom**, **omdat hy wil hê sy moet gaandeweg besef sy is self verantwoordelik vir haar eie keuses./**Bv. bl. 179: *"Droom dit op en kyk of jy daarvan hou."*
- **Die Engel lei haar totdat sy besef 'n naam is net 'n naam./**Bv. bl. 187: *"Net sowel," het hy gesê. "Ek sien geen verband tussen jou lelie en enigiets wat ons vannag bespreek het nie."*

Die kandidaat verskaf ôn gepaste slot.

[25]

VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Iris het hom opgedroom./deel van haar fantasieë gemaak. ✓	1
7.2	Die Engel is deel van haar lewe en daarom moes hulle daarvan weet./As hulle mekaar leer ken, moet sy hulle van die Engel vertel./Engele was deel van die gesprek. ✓ Iris was desperaat om Bettie te troos./haar bui te verander./Dit was ôn laaste desperate poging om met Bettie te gesels. ✓ Sy het gelag en gelag totdat sy hik./Dit was vir haar baie snaaks. ✓	1 1 1
7.3	Hy het nie vir Peter tydens die sweisongeluk beskerm nie. ✓	1

7.4	Sy kan die wyfies se broeiery beïnvloed./Sy kan veroorsaak dat hul die eiers uit die neste skop. ✓ Hy vra haar om uit te vind waarom ôn wyfieduif eiers uit die nes skop. ✓	1 1
7.5	Sy is ôn versamelaar./Sy maak antieke ware bymekaar./Sy is ôn tuisteskepper wat daarvan hou om goedjies bymekaar te maak./ Sy is ôn voorbeeld van ôn tradisionele huisvrou van daardie tyd.✓	1
7.6	Nee. Die duiwe is nog steeds veilig, al is Iris by die duiwe./Die broeipaar sal nog altyd kleintjies kan kry./ ✓ *JA kan nie as antwoord aangebied word nie.*	1
7.7	Hy gee haar die raad om nie oor haar naam met Peter te praat nie./ Hy gee haar die raad om Peter te laat slaap wanneer Peter moeg is./ Hy gee haar die raad om nie oor Brian se eerste vrou met hom te praat nie./ Hy gee haar die raad om haar eie lewe te leef. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyk voorbeelde vir EEN punt elk aan.*	2
7.8	Johanna neem die rol van die verstrooide ma oor./ondersteun haar deur haar hele lewe. ✓ Peter gee vir haar die geleentheid om in haar bekende omgewing te kan aanbly. ✓ Billy besorg Iris in New York veilig in haar hotel/dien as haar biegvader/ gee vir haar perspektief op haar naam/blomtyd. ✓	1 1 1
7.9	Soms stem die Engel se woorde ooreen met sy optrede: Die Engel het haar toegelaat om haar eie besluite te neem, bv. hy laat haar toe om self te besluit oor die modelkontrak./ Die Engel beskerm nie vir Iris of ander karakters soos sy gevra het nie, bv. sy breek haar enkel in Vermont./hy pas nie die gifbottel op nie. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* Soms stem die Engel se woorde nie ooreen met sy optrede nie: Die Engel het Iris soms beskerm, bv. hy stamp haar uit die pad van die skaatsplankryer./hy beskerm haar in Frankryk toe ôn gas haar oor Suid-Afrika konfronteer. ✓ *Die kandidaat bied 'n soortgelyk antwoord vir EEN punt aan.*	1 1
7.10	Hy kan ôn glasoog kry en niemand sal die verskil opmerk nie. ✓ Peter se oë herstel volkome. ✓	1 1
7.11	Die tannie het ôn tradisionele siening van ôn verhewe wese wat in sekere gevalle na mense omsien. ✓ Iris se Engel leef in haar werklikheid en moet haar van raad en beskerming voorsien. ✓ Toe sy haar been in Vermont gebreek het. ✓ Hy beskou homself nie as ôn beskermengel nie. ✓	1 1 1 1

7.12	*Die kandidaat kan Ja of Nee as antwoord aanbied. Die kandidaat gee sy/haar eie mening, bv.* Nee. Iris sou permanent in haar verbeeldingswêreld gebly het en nie die realiteit aanvaar het nie. ✓ Iris sou heel moontlik die modelkontrak aanvaar het en nie liefde in haar lewe ervaar het nie. ✓ Iris sou haar hele lewe deur na ón volmaakte oomblik gesoek het. ✓ **OF** Ja. Iris sou uiteindelik haar pad gevind het, want niemand kan vir altyd die werklikheid van die lewe vermy nie.✓ Iris sou wel die liefde ervaar het, want selfs as ón model, kon sy die liefde van haar lewe ontmoet het.✓ Iris sou op ón stadium in haar lewe ophou soek het na haar blomtyd en die realiteit van wie/wat sy is, aanvaar het.✓ *Die leerder bied enige DRIE soortgelyke antwoorde in konteks van die roman aan vir EEN punt ELK.*	3

[25]

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis ón breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ón gepaste inleiding aan.

- **Ouma Essie is die matriarg onder die Mulambwa-familie wat haar 'n leiersfiguur in die gemeenskap van Barotseland en in Baas se lewe maak, want sy help hom om sy konsessie op Manaka te behou deur by die khuta in te tree.**/Bv. bl. 100: *Die naam Mulambwa loop vir baie geslagte al saam met die naam Lewanika, wat die naam van die koningshuis is. Die betekenis van die naam Mulambwa is 'vriend'.*
- **Ouma Essie word as die geestelike leier op Manaka geag, want sy word die Profeet van die Bybel genoem en daarom het sy 'n groot aandeel daarin gehad om Baas se geloofsekerheid op te los.**/Bv. bl. 43: *My ouma Essie is die een wat die mense die Profeet van die Bybel noem.*
- **Ouma Essie speel 'n leidende rol in Baas se lewe, want sy is die vrou van Joseph Sitali en het dus die kennis om Baas te help om as geestelike leier op Manaka in te tree.**/Bv. bl. 70: *Ek is die vrou van muluti Joseph, die man wat dood is.*
- **Ouma Essie tree as herder en versorger vir Baas op Manaka op wanneer sy as tussenganger tussen Baas en die sendelinge optree.**/Bv. bl. 70: *En die skape wat die Here my gegee het om op te pas.*

- **Ouma Essie voel dat Christelike beginsels nie meer geld nie, sy eien haar die reg toe om die khuta daaroor aan te spreek wanneer hulle Baas se konsessie oor hulle eie gierigheid wil verhoog; sy weet hy kan dit nie bekostig nie./**Bv. bl. 167: *… dan is dit tyd dat die mense van hierdie hele stam vra hoekom die vergadering van hierdie khuta nie meer met 'n gebed oopgemaak word nie …*
- **Ouma Essie staan haar man by om die Christelike boodskap te versprei en gee aan Baas die teksverse in die Bybel om te lees in 'n poging om sy geloof te versterk.**/Bv. bl. 166: *Waar is daardie huis en daardie kerk wat ek en my muluti Joseph vir ons en vir die Here gebou het nou?*
- **Ouma Essie is nie bang om haarself teen onreg uit te spreek nie, daarom tree sy vir Baas by die khuta in.**./Bv. bl. 47: *Jy ken mos niks anders as om mense te verneuk nie.*
- **Ouma Essie tree ondersteunend teenoor Baas en die sendelinge op**, **want sy probeer vrede bewerkstellig tussen Baas en die sendelinge op Manaka.**/Bv. bl. 118: *Daar is nie nog 'n seekoeipad om met takke toe te slaan teen die krokodille nie. Die ander plekke is ook te skuins," praat ouma Essie, kop agteroor, asof sy nou onder die bril deur beter kan sien.*
- **Ouma Essie lei vir Baas tot die aanvaarding van sy geloof**, **want hy vra aan haar wat jou 'n Christen maak.**/Bv bl. 202: "Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen. Weet jy dit dan nie?"

- **Grace, versorg Baas as hy malaria opdoen en help met sy herstel sodat dit vir hom moontlike is om op Manaka te bly**./Bv. bl. 41: *Ek het gehoor dat jy malaria het, meneer Baas.*
- **Grace tree onbaatsugtig/nes 'n verpleegsuster op, want sy gaan ook saam met Baas na die hospitaal toe, toe hy malaria kry om hom met sy versorging by te staan**./Bv. bl. 48: *Toe hy wakker word, is sy nog by hom.*
- **Grace probeer die siekes help, want sy is 'n opgeleide verpleegsuster/gee vir die mense om.**/Bv. bl. 86: *Dit is die tablette wat ek in die nag saamgevat het Mubyu toe.*
- **Grace tree as tussenganger of tolk tussen Baas en die khuta op, want sy kan ook Engels praat en Afrikaans verstaan./**Bv. bl. 57: *Daar is 'n vrou wat 'n baie goeie tolk vir muluti Krieseltjie sal kan wees. Sy kan Engels praat. Sy verstaan ook Afrikaans …"*
- **Grace speel 'n rol in die oplossing van die konflik tussen Baas en die sendelinge, want sy besef dat die probleme kan vergroot as hulle stilbly./**Bv. bl. 97: *Vandag is nie 'n dag om oor die toekoms te praat en besluite daaroor te neem nie. Maar daar kan nie meer stilgebly word oor die probleme nie. Dit laat dit net meer word.*
- **Grace is die een wat deur haar voorbeeld vir Baas wys hoe omgee in Barotseland lyk: jy deel wat jy het met die mense wat niks het nie – soos hy wel maak.**/Bv. bl 125: *"Sy is baie oud. En in die groen trommel agter die bed is daar nog van die blikkiesvis …"*
- **Grace se een rol is om die sendelinge en vir Baas van die gewoontes van die Lozi's/Barotseland te leer, want anders doen hulle die naam Makoa gestand./**Bv. bl. 98: *'n Man loop voor in die pad, sy vrou agter, want 'n man is die meerdere van 'n vrou ...*
- **Grace speel 'n belangrike rol in Baas se lewe, want dit is by Grace wat Baas ook 'n antwoord op sy vraag oor godsdiens kry.**/Bv. bl. 228: *Is dit wat van jou 'n Christen maak?" "Ja. En die weet," antwoord sy. "Die weet waar ek heengaan, hier, en in die lewe hierna."*
- **Grace glo, soos ouma Essie, dat Baas met 'n spesifieke doel na Manaka toe gestuur is./**Bv. bl 94: *"As jy weggaan, sal die sendelinge ook weggaan."*

- **Grace trek (onwetend) 'n parallel tussen Baas en sy oupagrootjie wanneer sy hom daarop wys dat hy op Manaka is om die pad vir die sendelinge oop te maak sodat sy op die koop toe 'n werk kan kry.**/ Bv. bl. 95: *Om my te help om 'n werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien party van die werke waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het."*
- **Grace is die een person, naas ouma Essie, wat Baas se vertroue wen, soveel so dat hy haar met sy diepste geheime vertrou: hy vertrel haar van sy denkbeeldige weddenskap met oupagrootjie.**/ Bv. bl. 127: *Toe ek 'n kind was, het ek hom in my gedagtes gewed dat ek vir hom die skoenlapper sal vang wat hy nooit gekry het nie."*
- **Grace se aanvoeling vir besigheid is vir Baas op die lang duur baie werd.**/Bv. bl. 196: ñ*Hierdie keer sal ek die vleis verkoop." Sy vryf haar hande teen mekaar en buig haar knieë 'n klein bietjie. "Om besigheid te doen, is nie iets waarmee jy goed is nie."*
- **Grace is vir Baas 'n hulp. Wanneer hy die bankies herstel, of na sy boot gaan soek, dan beïnvloed haar hulp hom. Dit laat Baas besef dat 'n mens nie alleen kan regkom nie en dat hy in die toekoms op Manaka vir ander ook beskikbaar moet wees.**/ Bv. bl. 244: *Sy gee koperskroewe aan. Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjie onder die worsboom vas.*

- **Nanna stel belang in die mense en voel veral besorg oor Baas, want sy tree medemenslik op toe sy haar eie slaapsak oor Baas teen die koue gooi**./Bv. bl. 83: *Oom Scholtzie dop die nat klere van Baas se lyf af en gooi hom toe onder komberse. Die vrou bring haar slaapsak en gooi dit ook oor.*
- **Nanna bereik die mense en vir Baas met die wyse waarop sy die Christelike boodskap oordra, want haar sangdiens is suksesvol in vergelyking met Griesel se bestraffende preek.**/ Bv.bl. 205: *Aan die einde van sy diens sê Griesel die wat hulle harte vir die Here wil gee en by die kerk wil aansluit, moet opstaan. Die vrouens staan tydsaam op en begin wegstap.*/ Bl. 205: *Die twee vrouens kom sit weer. Hulle klap vrolik op maat van die wysie hande en sing sonder die woorde. Die volgende Sondag kom hulle weer en bring twee nuwe kerkgangers saam.*
- **Nanna is die eerste persoon met wie Baas sy twyfel oor geloof verwoord.**/Bv. bl. 138: "Wat maak van 'n mens 'n Christen?"

Die kandidaat bied ón gepaste slot aan.

[25]

VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
9.1.1	Plek van die Ryk Mense.✓	1
9.1.2	Hy was die tussenganger tussen die Du Pisanis (sendelinge) en die khuta. ✓	1
9.2	Hy dra ón donker pak met dofwit strepies teenoor die khuta se verslete klere ✓ en hy was sy hande nadat hy meneer Kebbey gegroet het. ✓	2
9.3	ñKrieseltjieòbeteken ñminò Griesel het baie belofte getoon as nuwe sendelinge, maar aan die einde van die roman besef ons hy is nie ón man van formaat nie ï inderdaad ñminò✓✓ *Beide kante van die ironie moet gegee word vir TWEE punte.*	2

9.4	Met hulle aankoms op Manaka het Nanna saam met oom Scholtzie en ouma Essie wyn gedrink en Griesel berispe haar hieroor./ Nanna het privaataangeleenthede in die openbaar bespreek./ Hy was kwaad en vermaan haar om nie vir almal geld en werk te gee nie. ✓ ✓ *Die kandidaat gee enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk.*	2
9.5	Positiwiteit. ✓ Sy laat toe dat ŏn dogtertjie aan haar hare vat./trek vir die kinders gesigte tydens die khuta-vergadering./het by ouma Essie gaan slaap./sy gee geld vir die plaaslike bevolking. ✓ *Die kandidaat moet 'n **handeling** as antwoord aanbied wat daarop dui dat Nanna Afrika-gebruike aanvaar.* *Dis mos Afrika.* ✓	1 1 1
9.6	Meneer Johnnie. ✓ (Nanna ontvang) ŏn pampoen. ✓	1 1
9.7	Grace ✓ Baas het die toutjie waarmee die portret teen die muur gehang het as ŏn gordel gebruik om sy broek bo te hou (nadat hy so baie gewig as gevolg van malaria verloor het.)✓	1 1
9.8	As betaling vir die verblyf wat sy hom eens op ŏn tyd gegee het toe sy bakkie gebreek het.✓ Riekert het ŏn week by ouma Essie gebly. ŏn Mens sou verwag dat ŏn mens meer sou betaal as jy ŏn week van iemand se gasvryheid gebruik gemaak het,✓ maar Riekert voel omdat sy swart is, is dit genoeg.✓ *Beide kante van die ironie moet genoem word vir TWEE punte.*	1 2
9.9	Whitey ✓ Hy en Baas het dieselfde oupagrootjie./Hulle is agterkleinneefs. ✓ Hy het Baas se boot gekry nadat dit in die rivier afgespoel het.✓	1 1 1
9.10	Hy skryf sy naam in die boomstam onder sy oupagrootjie se naam./ Hy kap Morena se kop/horings teen die naambord vas./ Baas maak die bankies onder die worsboom reg./ Baas (en Grace) wat (agter mekaar) in die olifantpad teen die rivier afloop om die boot te gaan soek en Baas wat sy geweer oor sy skouer dra./ Die lyfband van muluti Joseph wat Baas afhaal en vir Ouma Essie teruggee. ✓✓ *Kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* Grace ✓	2 1

	Nadat Baas besluit het om weg te gaan/hy (vir sy oupagrootjie) gesê het: "Jy wen, Baas Dennis," sê Grace vir hom die ou man sê R5 is te min vir sy drome./Grace beïnvloed hom om te bly.)/herinner hom aan sy drome om in sy oupagrootjie se voetspore te volg./Dit is by Grace wat Baas uiteindelik die antwoord op sy kwelvraag oor godsdiens kry. ✓	1

[25]

VATMAAR – AHM Scholtz

VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis ôn breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Daar is beweringe dat die naam *Vatmaar* van Ta Vuurmaak afkomstig is, want hy is een van die eerste mense wat gewoon het in wat later Vatmaar sou wees.**/Bv. bl. 5: *Party mense het gesê Vatmaar het sy naam by Ta Vuurmaak gekry.*
- **Ta Vuurmaak steek die buit van die plase weg in die watertenk op die sylyn. Hierdie buit is later in Vatmaar gebruik**./Bv. bl. 9: *Chai het gesê dis vatmaar-goed.*
- **Ta Vuurmaak skep vir die mense werk en gee so menswaardigheid aan Vatmaar se mense.**/Bv. bl. 22: *Ek het party van die manne wat nie werk gehad het nie, of wat afgedank is, aan die stene maak gesit. Vir elke drie wat gemaak is, was twee die maker s'n en een myne.*
- **Ta Vuurmaak sorg dat die Griekwa-kinders kontak hou met hul kultuur, want hy vertel vir hulle stories uit die verlede/van Heitsi Eibib.**/Bv. bl. 83: *Daar was Griekwa-kinders wat Sus Bet wou hê die stories van hulle se afkoms moes hoor en onthou.*
- **Ta Vuurmaak is die een met die meeste kennis van die rol wat die oorlog in die nedersetting gespeel het wat hy aan die kinders van Vatmaar oordra.**/Bv. bl. 7: *Vertel ons nog, Ta, het ons hom aangespoor.*
- **Ta Vuurmaak ken die geskiedenis van die ontstaan van Vatmaar die beste; hy word as die bewaarder van Vatmaar se geskiedenis beskou.**/Bv. bl. 20: *Ta Vuurmaak vertel hoe alles begin het.*
- **Die Griekwa-beginsel om met jou broer te deel word deur Ta Vuurmaak voorgeleef en hy leer dit ook aan die jong seuns wat hom besoek.**/Bv. bl. 85: *In die lewe, in die lewe is een van die grootste deugde om te deel. Deel met jou broer wat 'n behoefte het. Dit sal vermenigvuldig terugkom.*
- **Ta Vuurmaak leer die seuns omtrent die kompleksiteit van die natuur, want hy glo dat jy respek teenoor die natuur moet betoon.**/Bv. bl. 88: *Ta Vuurmaak het ontsag gehad vir die Son en Maan en hy het sy stem laat sak as hy oor hulle praat.*

- **Oom Chai proklameer die nedersetting met George Lewis se hulp, want hy wil 'n soortgelyke nedersetting as die Engelse settlement vestig.**/Bv. bl. 21: *Chai het glo een nag terwyl hy wakker gelê het, die plan gekry vir wat die Engelse 'n settlement noem. In sy gedagtes het hy die plek naby die vlei gesien. Ek het met George daaroor gepraat, het Chai gesê …*
- **Oom Chai verskaf 'n heenkome vir talle uitgewekenes, wat by die vatmaar-gedagte aansluit, die nedersetting begin met vatmaar-goed.**/Bv. bl. 22: *In die winter was Chai en sy George se eenkamer-huise so laat hulle kon intrek.*
- **Oom Chai onderhandel namens die mense van Vatmaar met die dorpsraad van Du Toitspan sodat 'n plek waar die nedersetting gevestig kan word, toegeken word**./Bv. bl. 21: *Ek het met George daaroor gepraat, het Chai gesê, …*
- **Oom Chai onderhandel met die predikant van Du Toitspan**. **Hy sorg dus dat die nedersetting hul eie kerkgebou kon kry, die Sendingkerk.**/Bv. bl. 27: é *almal het saamgestem dat julle mense van Vatmaar ons ou saal kan kry.*
- **Oom Chai is een van die ouderlinge in die kerk wat ook daarvoor verantwoordelik is om dienste in die kerk te hou**./Bv. bl. 41: é *het altyd die eerste drie Sondae van die maand gepreek, en oom Chai die laaste een.*
- **Oom Chai bring Vatmaar se mense met ouderling Hans du Plooy in aanraking**, **wat die Woord aan hulle bedien. Dit het hulle saamgebring en hulle het die seën daarvan ervaar**./Bv. bl. 35: *Charlie, sê die domanie, jy en oom Hans sal saamwerk en by die volgende kerkraadsvergadering sal ons jou naam aanteken as ouderling van die Sendingkerk Vatmaar.*
- **Oom Chai sorg dat alles in die skool vlot verloop, want hy probeer 'n skryfbord in die hande kry toe hy sien dat die skool een benodig**./Bv. bl. 100: *Oom Chai het die beste swartbord en staander gevat en 'n klompie afvalstukkies bordkryt gevra vir ons kinders om op die swartbord mee te kan skryf.*
- **Vir Oom Chai is die oprigting van ’n kerk baie belangrik, want hy wil die kinders laat doop. Dus sorg hy dat die gemeenskap die Woord van God bekom/vir die stigting van die skool dat almal kan leer lees.**/Bv. bl. 25: *Domanie, sê Oom Chai, ons in Vatmaar het rêrigwaar 'n sendingkerk nodig want daar is bybies en jong kinders wat nie gedoop is nie.*
- **Oom Chai is 'n natuurlike leier**. **Daar is gesê: "Om oor iemand te wees was iets wat altyd na hom toe aangekom het sonder dat hy daarvoor gesoek het.**"/Bv. bl. 28: *Vyf, jy wat Chai is, sal die ouderling van die kerk wees.*
- **As nie-amptelike burgemeester neem hy belangrike besoekers in Vatmaar rond**./Bv. bl. 97: *Oom Chai is vooraf vertel van hulle koms. … Oom Chai het die kerk vir hulle oopgesluit, …*
- **Oom Chai het 'n groot invloed in die nedersetting. Hy kon die onderwyseres, Teacher Elsa, aanbeveel en sy is aangestel omdat sy van Vatmaar kom**./Bv. bl. 98: *En: Miss. E. Lewis will be on the payroll of the Du Toitspan Town Council.*
- **Oom Chai is die sedebewaker van Vatmaar wat vir Teacher Elsa aangesê het om haar gesig te was en dat sy bly kan wees hy was daar toe die Rooinek verspot begin raak het omdat bruin vroumense nooit nee vir 'n wit man kan sê nie**./Bv. bl. 100: *Was daai gemors af. Dan kan jy weer aangaan.* Lóóp! *Was daai gemors af en gee skool.*

Die kandidaat bied ôn gepaste slot aan.

[25]

VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
11.1	Oom Flip het diamante gesteel. ✓ Bennie was ôn vleisdief. ✓	2
11.2	Vatmaar is ôn fiktiewe woonplek ongeveer 8 km (vyf myl) van Du Toitspan af. ✓	1
11.3	Settie September het gesê sy het haar ring gesteel. ✓ Tant Wonnie was ôn Rehoboth-baster/nie blank nie/wat op grond van rasseklassifikasie so sleg deur die blanke polisieman behandel is./ Tant Wonnie was baie arm;/daarom behandel die polisieman haar as deel van die laagste vlak van die bevolking. Die polisieman het nie respek vir Tant Wonnie nie. ✓	1 1
11.4	Die verteller dra kennis oor van al die gebeure in teks E./ Die verteller dra kennis oor van die karakters (Tant Wonnie/konstabel/inwoners) se handelinge./ Die verteller dra kennis oor van die karakters (Tant Wonnie/ konstabel/die inwoners) se ingesteldheid. Die verteller dra kennis oor van die karakters (Tant Wonnie/die konstabel/die inwoners) se emosies. ✓	1
11.5	Die wit man is blatant rassisties./word as blatant rassisties gestereotipeer./ Die wit man word gestereotipeer dat hy geen respek vir ôn ander ras/ vrou het nie.✓ Die Müller-vroue word in hierdie roman gestereotipeer as sterk./ vreesloos. ✓	1 1
11.6	Familiewaardes / Ewige liefde / Ware liefde / Getrouheid Hardwerkendheid ✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE waardes vir EEN punt elk aan.* Ja Gesinne leef in vrede en liefde saam./ Daar is nog vandag baie voorbeelde waar ware liefde seëvier. **OF** Nee Die hegte familiestruktuur is nie meer in vandag se samelewing so belangrik nie./ Liefde het goedkoop geraak.✓ *Die kandidaat bied EEN soortgelyke motivering vir EEN punt elk aan.*	2 1
11.7	Spanning/Afwagting ✓	1
11.8	Diensbaarheid / Onselfsugtigheid / Trots / Medemenslikheid Deursettingsvermoë ✓✓ *Die kandidaat kan die karaktereienskappe omskryf.* *Die kandidaat bied TWEE karaktereienskappe vir EEN punt elk aan.* Hulle misbruik haar/haar goeie geaardheid./ Hulle het haar nie betaal nie/volgens die waarde van die werk wat sy gedoen het, betaal nie.✓	2 1

11.9	Beide die geregsdienaars verneder die oortreders. ✓	1
11.10	As jy Engels kan praat, is jy beter as ander mense. ã Ja Oom Chai sê hulle dink hulle is beter as ander./ Suid-Afrika het toe nog sterk bande met Brittanje gehad./ Engels is hoër geag as Afrikaans. ✓	1 1
11.11	Die predikant behoort nie betrokke te wees by diefstal nie, maar hy gebruik nou die Bybel as regverdiging vir die steel van die diamant. ✓ Die predikant behoort ôn waarheidsverkondiger van die Bybel te wees, maar hy verdraai nou die Bybel om sy gewete te sus. ✓ Alhoewel hy die waarheid praat, het die waarheid hom nooit vry gemaak nie./ Die waarheid het nooit tot sy vryheid gelei nie, want hy is ôn jaar later tydens die eerste winter in die tronk oorlede.✓ *Die kandidaat moet beide kante van die ironie vir EEN punt aanbied.*	 2 1
11.12	Vatmaar het sy ontstaan te danke aan goed wat maar net gevat is./ Sommige goed in Vatmaar is op oneerlike wyse bekom./ Hulle het nie die agste gebod eerbiedig nie. ✓✓ *Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.* **EN** Ja Diefstal is ôn algemene verskynsel in ons samelewing vandag. Die mens wil nie verantwoordelikheid vir verkeerde dade aanvaar nie.✓✓ *Die kandidaat gee TWEE soortgelyke gemotiveerde menings vir EEN punt elk.* *Aangesien diefstal strydig met die landswette is, kan NEE nie as antwoord aanvaar word nie.*	 2 2

[25]

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien

LET WEL:

- Dis ôn breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ôn gepaste inleiding aan.

- **Die druk wat Greg se pa op hom plaas lei daartoe dat hy ingetrek word deur kuberkrakery./kuberkrakers./Eckardt, want hy rebelleer teen eise wat sy pa aan hom stel./** Bv. bl. 99: *Jeez, Greg, jou pa kan nie vir jou besluit nie, sê Eckardt. Jy is byna agttien, my ou. Tyd om op jou eie bene te staan.*
- **Greg se pa plaas druk op Greg om te presteer, want hy soek 'n skouperd om sy ouer seun, John, se plek in te neem nadat John selfmoord gepleeg het.**/ Bv. bl. 106: *Ek is teleurgesteld in jou, Greg. Dan is ek ten minste nie die eerste kind wat jou teleurstel nie, Pa.*
- **Greg se pa plaas druk op Greg om onderdanig te wees aan Dok Pienaar, want hy is kop in een mus met hom en weet dat Dok Pienaar gesorg het dat Greg hoofseun word.**/ Bv. bl. 106: *Jy kan bly wees Dok het jou nie daar en dan sommer uit die skool geskop nie. Jy's 'n ondankbare klein snotkop.*
- **Greg se pa is die oorsaak daarvan dat Greg in sy eie vermoëns begin twyfel/minderwaardig voel, want hy besef dat hy nooit aan sy pa se hoë verwagtinge gaan voldoen nie**./ Bv. bl. 107: *Dalk is my pa reg. Dalk is ek so sleg soos hy sê. Wat moet ek doen om hom gelukkig te maak?*
- **Greg se pa het baie druk op hom geplaas om 'n leierskapsposisie te beklee, maar hy is nie 'n suksesvolle hoofseun nie,** want hy word deur Dok Pienaar aangespreek oor die VRL se dissipline./moet met die groep daaroor praat./hy reël ook nie die VRL-vergaderings nie, maar is vies as Kwanele dit doen. Bv. bl. 102: *Sal jy vir my kerkdiensbeurt instaan?*
- **Greg voel soos 'n kloon van sy pa en dat sy pa verwag hy moet in sy pa se beroepsvoetspore volg, want hy voel hy het nie eintlik 'n ander keuse as om aan sy pa se verwagtinge te voldoen nie.**/ Bv. bl. 99: *Jeez, Greg, jou pa kan nie vir jou besluit nie, sê Eckardt. Jy is byna agttien, my ou. Tyd om op jou eie bene te staan.*
- **Die familiedruk/ druk van sy pa maak Greg opstandig, want hy rebelleer teen Lawson Kollege en die feit dat hul as rykmanseuns slegs klone van hul pa's is en nie regtig hul eie mense kan wees nie.**/ Bv. bl. 91: *Jip, soos die res van die ouens hier, Die clones.*
- **Greg voel hy word nie regtig deur sy pa aanvaar nie, want hy en sy pa kommunikeer swak omdat hy altyd met werksake besig is en baie min tyd afstaan om werklik na Greg te luister**./ Bv. bl. 106: *Pa, laat ek verduidelik – Dit help nie, hy luister nie, gaan net aan.*
- **Greg het 'n skuldgevoel teenoor sy pa, want selfs as sy pa se bedrogspul aan die kaak gestel word, is Greg spyt hy het sy pa in die steek gelaat**./ Bv. bl. 220: *En terwyl ek so na my pa kyk, sien ek vir die eerste keer hoe hy pynlike oomblik vir oomblik afgetakel word.*

- **Greg is ook baie bang vir sy pa en daarom verdraai hy dikwels die waarheid sodat hy nie sy pa teleurstel nie, daarom vervals hy sy eerstekwartaalrapport.**/ Bv. bl. 157: *Hy hoef nie die einde van die jaar vir my pa te verduidelik waar die verwagte onderskeidings heen is nie.*
- **Die bedrogspul waarin Greg se pa betrokke geraak het, het veroorsaak dat Greg deur Eckardt gebruik is, want Eckardt wou wraak neem deur Greg se familie te vernietig**./ Bv. bl. 215: *Toe jy vir Dok ontmasker het as die Butcher, het jy, sonder dat jy dit weet, ook jou pa vir die honde gegooi.*
- **John – Greg se broer – het sy eie lewe geneem en daarom verhoog die druk op Greg. Greg moet nou soos John aan sy pa se verwagting voldoen: Hy moet hoofseun van Lawson Kollege en die eerste rugbyspankaptein wees**./ Bv. bl. 106: *Jy kan bly wees Dok het jou nie daar en dan sommer uit die skool geskop nie. Jy's 'n ondankbare klein snotkop.*
- **John se selfmoord laat Greg met skuldgevoelens, want hy verwyt homself dat hy nooit gesien het dat John so ongelukkig was nie**./ Bv. bl. 66: *Ek het gedink dit was omdat hy alles gehad het wat hy nodig het. Maar ek was verkeerd. Iets was steeds missing. En toe gaan doen hy so 'n stupid, stupid ding.*
- **John se selfmoord het Greg 'n vrees vir die dood gegee, want hy is bang om nog geliefdes op hierdie manier te verloor, soos toe Eckardt verdwyn het./ Nicole dreig om iets aan haarself te doen.**/ Bv. bl. 159: *Dis nie niks nie. Wat bedoel jy, Nicole? As jy gaan try om iets aan jouself te doen … Ek voel skielik so magteloos.*
- **John was lief vir ekstreme sportsoorte en het Greg daarby betrek; daarom kon Eckardt Greg so maklik oorhaal om betrokke te raak by kuberkrakery, want Greg het kuberkrakery ook as 'n ekstreme sport gesien**./ Bv. bl. 145: *Ek vee die sweet van my gesig af. Probeer hard om nie die opgewondenheid in my stem te laat deurslaan nie.*
- **Omdat Greg hoofseun word om sy familie/pa tevrede te stel, is hy nie 'n ware hoofseun nie, want hy laat hom maklik deur Eckardt beïnvloed/drink 'n bier saam met Eckardt/en laat Eckardt hom in die kuberkrakerwêreld intrek**./ Bv. bl. 71: *Twee yskoue Castles. Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell …*
- **Greg se vriendskap met Eckardt veroorsaak dat hy baie van sy pligte versuim./aanhoudend diensbeurte uitruil./onttrek van sy skoolvriende./Greg se skoolwerk begin verswak, want hy is die hele tyd besig met kuberkrakery – aanvanklik om dit aan te leer en later in 'n poging om Eckardt op te spoor.**/ Bv. 165: *Al my pelle, wat nou al minder met my gesels, maar net weet.*
- **Eckardt verlei Greg doelbewus deur hom 'n bier in sy kamer aan te bied en Greg aanvaar dit, wetend dat dit verbode is op die skoolterrein.**/ Bv. bl. 71: *"Lus vir iets om te drink?" vra hy. Kyk sommer in die yskas. Ek dink daar is nog twee biere agter die blikkies koeldrank.*
- **Eckardt prikkel Greg se belangstelling wanneer hy hom meer inligting omtrent kuberkrakers en hulle metodes te gee sodat Greg hom dan vra om hom te leer kuberkaak.**/ Bv. bl. 81: *"Sal jy my leer?" vra ek toe Eckardt weer agteroorleun in sy stoel.*
- **Eckardt wen Greg se vertroue as hy hom voordoen as 'n vriend en vertroueling wanneer hy hom leer kuberkraak.**/ Bv. bl. 89: *So begin dit vir my. Ek registreer op die site as G-4ce.*
- **Eckardt kry dit reg om Greg te verlei dat hulle onwettig toegang tot die skool se netwerkkamer kry en op die rekenaars gaan krap wat Greg andersins nooit sou doen nie.**/Bv. bl. 111: ñ*As iemand ons hier kry, is dit verby met ons," sê ek sag.*

- **Eckardt se verdwyning het so 'n groot invloed op Greg se lewe dat hy weier om normaal aan te gaan./rugby te speel./klasse by te woon.**/ Bv. bl. 76: ñ*En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie."*
- **Eckardt is ook die oorsaak daarvan dat Greg se gesin in 'n krisis gedompel word, want Greg ontbloot alles onwetend dat sy pa ook betrokke is by Dok Pienaar en Project Nursery Rhyme**./ Bv. bl. 215: *Toe jy vir Dok ontmasker het as die Butcher, het jy, sonder dat jy dit weet, ook jou pa vir die honde gegooi.*
- **Deur Eckardt se invloed kom Greg tot insig dat die Onderwêreld van geld boos en gevaarlik is**./Bv. bl. 191: *Die wêreld van geld is boser as enigiets wat 'n hacker kan aanvang.*

Die kandidaat bied ón gepaste slot aan.

[25]

VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	Die verhaaltitel is Onderwêreld en in Eckardt se kamer het Greg die onderwêreld van kuberkrakery leer ken.✓	1
13.2	Eckardt het verdwyn ✓ en die kamer is gesluit sodat die speurders daar vir leidrade kan soek.✓	2
13.3	Greg is bang dat Eckardt ook soos sy broer, John, sy eie lewe geneem het./Eckardt laat Greg baie aan John dink.✓	1
13.4	Het Eckardt sy eie lewe geneem? / Waar is Eckardt?/ Het iemand Eckardt ontvoer?✓✓ *Die kandidaat kan ook ander gepaste antwoorde aanbied.*	2
13.5	Greg het ón e-pos met ón vervalste e-posadres na sy pa se koerant gestuur.✓ Geen berig oor Eckardt het in die koerant verskyn nie. ✓ Dok Pienaar ✓ Dok en Greg se pa is kop in een mus en omdat Greg se pa die mediareus Turret Media besit, kon hul ón stokkie voor die plasing van die berig steek /verhoed dat die berig verskyn./die verskyning van die berig keer. ✓	1 1 1 1
13.6	Hy weier om aan die rugbywedstryd deel te neem omdat die skool niks aan Eckardt se verdwyning doen nie.✓ Ja Dit is ón aanduiding van sterk leierseienskappe as ón mens kan standpunt inneem teen dinge wat verkeerd is.✓ **OF**	1 1

	Nee Om teen gesagsfigure soos jou skoolhoof in opstand te kom, is nie ón teken van leierseienskappe nie, maar van rebelsheid.✓ *Eie opinie met motiverings uit die roman.* Hy is ón lojale vriend/ hy gee om vir sy ma/ook ander✓ *Die kandidaat kan ook ander gepaste positiewe eienskappe gee.*	1
13.7	Die foto van Eckardt se pa, ma, broer en suster/Eckardt se huisgesin. ✓	1
13.8	Greg se pa✓ Hy besit die mediamaatskappy en moet inligting oor die virussterftes publiseer sodat die lesers en gemeenskap paniekerig raak en graag inentings wil ontvang.✓ Sy maatskappy, Turret Media, het in geldelike verknorsing beland.✓	1 1 1
13.9	Eckardt het die hele tyd ón skaakspel gespeel ï hy het baie subtiel vir Greg geprogrammeer om te doen wat hy beplan het, / Hy het Greg soos ón pion gemanipuleer in sy wraakspel✓ om uiteindelik al die ñpionneòte laat val sodat hy as oorwinnaar uit die spel kan tree. ✓	2
13.10	Ja, Eckardt gee Greg tyd om aan sy woorde te dink ✓ dit skep ook spanning ✓	2
13.11	In beide die tekste is hy bang/ angstig/ervaar hy vrees.✓ Ja, bv. Greg is bang dat Eckardt ook sy eie lewe sal neem.✓ Greg besef sy pa het deel aan die Nursery Rhyme Project (die voëlgriepbedrogspul).✓	1 1 1
13.12	Greg sal sy pa vergewe omdat ook hy ón fout gemaak het deur te kuberkraak./ Geld sal nie meer ón faktor in hierdie gesin se lewe wees nie. ✓ *Kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien

LET WEL:

- Dis ón breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Map Jacobs is, soos die gemeenskap waarvan hy 'n deel is, as gevolg van die apartheidswetgewing van Distrik 6 na die Kaapse Vlakte verskuif – op die Kaapse Vlakte kry Map (ten spyte van 'n matrieksertifikaat) nie werk nie, want al die werk word vir wit mense gereserveer; hy kan nie sy omstandighede verbeter nie. Hy is vas**./Bv. bl. 31: *MAP*: *Ek het matriek gemaak, standerd tien … en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well,'it was alles vir whites only …*
- **Omstandighede op die Kaapse Vlakte word gekenmerk deur ellende./armoede./ uitsigloosheid**. **Map-hulle is arm, wat beteken dat hy ook nie elders 'n heenkome kan gaan soek nie, hy kan nie uit sy omstandighede ontsnap nie**./Bv. bl. 50: *En hulle move nooit op nie! Liewerste ónner toe! Kyk, jy word hierso gebore onder die bread-line … en jy vrek hierso ónner die bread-line …*
- **As gevolg van die negatiewe atmosfeer in die township ervaar die inwoners 'n identiteitloosheid**. **Map wil ook iewers behoort, gevolglik raak hy by bendes betrokke./word vasgevang in die ysterkloue van misdaad wat hom beslis nie bevry nie, maar verder inperk wanneer hy na 'n letterlike tronk toe gaan**./Bv. bl. 35: *Ek het vi' Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi' die boeie … Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it … soes 'n man te vat …*
- **Map is onder die apartheidsregering, as 'n lid van die bruin gemeenskap, uitgelewer aan minderwaardige werk**. **Map kan slegs 'n bode word, want alle ander werk word gereserveer vir wit mense, gevolglik is Map eintlik in 'n doodloopstraat vasgevang, 'n gevangenis waaraan hy nie kan ontsnap nie**./Bv. bl. 31: *MAP*: *Ek het matriek gemaak, standerd tien … en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only …*
- **Map se sosio-ekonomiese omstandighede maak ook van hom 'n gevangene./het nie geld om die omstandighede en/of plek waarvan hulle deel is, te verander nie**; **armoede perk Map in, daarom is Map vasgevang in 'n siklus waaruit hy nie kan loskom nie**./Bv. bl. 50: *En hulle move nooit op nie! Liewerste ónner toe! Kyk, jy word hierso gebore onder die bread-line … en jy vrek hierso ónner die bread-line …*/Bl. 50: *Kamma yt die tronk yt. Na dit toe. (Hy wys, bars dan uit van die lag.)*
- **Misdaad is vir die inwoners van die township/gemeenskap waarvan Map deel is, 'n werklikheid**. **Sy sussie word doodgemaak en sy ma is stom as gevolg van verkragting. Map se lewe is vasgevang in die stigma/reputasie wat hy self as bendelid opgebou het**./Bv. bl. 23: *CAVERNELIS*: *… Hy's 'n … 'n misdadiger …*/Bl. 46: *Hulle vat jou nie so nie! Hulle accept jou nie so nie!*

- **Nadat Map uit die letterlike tronk op parool vrygelaat word, verbeter sy omstandighede nie./veroorsaak sy reputasie dat mense hom beskinder/vrees/ vermy aangesien hulle dink dat hy steeds sal maak en breek soos vóór sy tronklewe. Dit veroorsaak dat hy hom steeds in 'n soort figuurlike tronk bevind**, **want hy kan nie regtig kom en gaan soos hy wil nie./Die gemeenskap het hom nog nie vergewe het vir sy dade nie./hy word plek in die orkes geweier**./Bv. bl. 7: *RICHIE*: *Wat gaat hy doen? 'n Changed man? Map Jacobs, 'n changed man? … Ek sê vi' jou, hy maak vi' julle ammal vrek, van vóór af!*/Bl. 46: *Die band nét so, Oompie Paulsen-hulle … even hulle net so, dieselde … Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee, so steer ma' clear van Map Jacobs af.*/Bl. 46: *Hulle vat jou nie so nie! Hulle accept jou nie so nie!*
- **Map se omstandighede verbeter nie nadat hy op parool vrygelaat is nie; sy reputasie as misdadiger/tronkvoël veroorsaak dat werkgewers nie geneë is om hom as werker aan te stel nie. Hy kan nie 'n inkomste genereer nie, gevolglik kan hy nie sy omstandighede/lewe beter maak nie. So dra sy reputasie as moordenaar by om hom steeds in 'n figuurlike tronk te hou**./ Bv. bl. 7: *RICHIE*: *Wat gaat hy doen? 'n Changed man? Map Jacobs, 'n changed man? … Ek sê vi' jou, hy maak vi' julle ammal vrek, van vóór af!*/Bl. 46: *Die band nét so, Oompie Paulsen-hulle … even hulle net so, dieselde … Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee, so steer ma' clear van Map Jacobs* af/Bl. 23: *CAVERNELIS*: *… Hy's 'n … 'n misdadiger …*

- **Cavernelis se omstandighede is sodanig dat hy in 'n woonstel, in 'n omgewing waar alles agter slot en grendel gehou moet word, woon**. **Selfs die fiets moet voor sy woonstel vasgeketting word, want misdaad op die Kaapse Vlakte is 'n realiteit waarmee die inwoners moet rekening hou – dit maak ook van Cavernelis (en sy gesin) gevangenes van hulle omstandighede**./Bv. bl. 1: *Hy sluit die fiets en ketting dit aan die traliewerk*./Bl. 2: *But you don't stand a bloody chance, man, I tell you …*
- **Armoede/swak werksomstandighede/diskriminasie kenmerk Cavernelis se omstandighede op die Kaapse Vlakte – in hierdie Kaapse Vlakte-milieu is hulle op figuurlike vlak vasgevang**./Bv. bl. 50: *Never mind lat julle nie amenities en facilities in die township het nie! Dáái group areas legislation, mister Cavernelis. Group areas, ha! More like prisons, big bloody prisons!/* bl. 50: *En hulle move nooit op nie! Liewerste ónner toe! Kyk, jy word hierso gebore onder die bread-line … en jy vrek hierso ónner die bread-line …*/Bl. 50: *Best of luck to you, mister Cavernelis. Jy maak geld om hierso yt te briek. Best of luck. Maar 'is 'n sterk tronk dié. Kyk die tralies!*
- **Die gemeenskap waarin Cavernelis woon/werk, aanvaar hulle sosio-ekonomiese omstandighede gelate, maar Cavernelis nie**. **Cavernelis se strewe na beter omstandighede/'n ander heenkome dryf hom om harder te werk./Cavernelis erken teenoor La Guma dat hulle in die township vasgevang is, want in die township leef hulle in armoede en kan daarvan nie ontsnap nie**./Bv. bl. 49: *En ons woon nie in 'n koophuis nie, maar in 'n huurhuis, en die munisipaliteit laat jou nie sommer toe om enigiets in die huis te doen nie* é /Bl. 50: *Dis hoekom ek en Maudie en Blanchie hierso wil weg!*

- **In Cavernelis se omstandighede van uitsigloosheid/minderwaardige werk/ armoede word die droom om weg te kom so allesoorheersend dat hy sy dogter opoffer in die hoop dat dit genoeg geld sal bring om vir hulle vryheid buite die woongebied te koop. Dit realiseer nooit, want Cavernelis besef sy skuld aan Blanchie se uitbuiting en pleeg selfmoord. Vir Cavernelis kom daar dus ook nooit die vreugde van vryheid/'n ander soort lewe nie**./Bv. bl. 1: *Hy't net een ding op sy mind, soes 'n obsession, 'n obsession.*/Bl. 18: *Beauty competitions, like vi'Blanchie … en dan kry sy mos so-called contracts … Modelling, like!*/ Bl. 55: *Dis alles Daddy se skuld!*
- **Die gemeenskap waarbinne Cavernelis leef en werk, het nie waardering vir sy strewe na beter nie/het nie waardering vir sy voortdurende werk nie. Dit isoleer hom van die ander inwoners op die Kaapse Vlakte./Hy het nie vriende nie/slegs mense wat hom koggel/bespot omdat hy dink dat hulle beter is as die ander inwoners./hy dink hy kan sy gesin na 'n beter plek neem. Hierdie isolering wat hy ervaar, is niks anders as 'n figuurlike tronk nie**./Bv. bl. 16: *Betere mense kamma as ons!*/Bl. 22: *Jy en die missies (wys boontoe), julle wil vir julle ytkoep hierso yt die township yt. Julle spaar vir 'n plotjie grond en 'n hys, somewhere else. In 'n decent coloured area.*
- **Cavernelis ontsnap op 'n ironiese wyse sy figuurlike tronk deur selfmoord te pleeg**, **maar die waarheid is dat hy deur skuldgevoel daartoe gedryf word, en dus steeds nie in die ware sin van die woord vry is nie**./Bv. bl. 55: *Dis alles Daddy se skuld!*/Bl. 55: *Ek het maar net my beste … geprobeer … al die jare … vir julle … ek mien, vir 'n ordentlike plek van ons eie* é /Bl. 61: *By die crossing, toe kom die trein … toe stop ek, ek dink toe mister C gaan oek … ek mien stop …*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Die woord *Geluide* laat die leser verstaan waarna Map in reël 2ï 3 verwys./Die toneelaanwysing gee betekenis aan Map se woorde in die volgende reëls. ✓	1
15.2	Map het moord gepleeg en is tronkstraf opgelê./Map probeer sy ma in die tronk oortuig dat hy N[illegible]gerehabiliteerde/veranderde man is. ✓	1
15.3	Nee. Map kon nie werk kry nie./ Die Kersorkes wou hom nie as lid terugneem nie./ Die gemeenskap het hom nie met ope arm terug verwelkom nie.✓✓ *Die kandidaat bied enige TWEE bewyse uit die drama vir EEN punt elk aan.* *JA Kan nie as antwoord aangebied word nie.*	2

15.4	Map aarsel/is senuweeagtig/is aangedaan. ✓ Ma se stilswye beteken sy is nog nie gereed om Map te vergewe nie/oortuig van die verandering in Map se karakter nie/sy hou haarself nog gevange van die vryheid wat vergifnis sou bring. ✓ Toe Map aan die einde van die drama in boetedoening voor sy ma kniel/toe die spanning op die spits gedryf is/nadat Map en Blanchie vergifnis in mekaar se arms gevind het, het Map se ma eindelik by die punt van vergifnis uitgekom. ✓	1 1 1
15.5	Map glo die lede van die Kersorkes is goeie mense wat hom weer sal aanvaar, maar hy is nie welkom om weer deel van die orkes te word nie./Hulle is nie vergewensgesind nie. ✓ *Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.*	1
15.6	Die implikasie bestaan dat Map tog bekeer is./verander het/ gerehabiliteer is./hom nie op die gemeenskap sal wreek nie. /die volmaakte lewe gaan lei. ✓ Apostel George ✓ Hy bly baie lief vir Blanchie./Dit is Blanchie se vergifnis wat hy graag wil hê omdat hy so lief is vir haar. ✓	1 1 1
15.7	Cavernelis het nie daarvan gehou dat NJ gevreesde bendeleier met sy dogter uitgaan nie./Hy kon moontlik in haar pad staan om NJ modelkontrak te aanvaar. ✓ Cavernelis wou graag sy gesin uit die township kry./NJ Beter lewe vir hom en sy gesin buite die Kaapse Vlakte verseker. ✓ Nee Hy het gesterf/selfmoord gepleeg voordat hy uit die township kon ontsnap. ✓ *JA kan nie as antwoord aangebied word nie.*	1 1 1
15.8	Die verteller skets vir die leser die ruimte/die agtergrond van die gebeure wat volg/wys dat die Cavernelisse (Blanchie hier) vanuit die hoogte af kyk op die gebeure onder in die straat. ✓	1
15.9	Ja. Map was NJ gevreesde bendeleier en dis verstaanbaar dat dit moeilik is om te glo dat so NJ karakter binne sewe jaar kan verander. ✓✓ **OF** Nee. La Guma moes Map die voordeel van die twyfel gegee het/besef het dat sewe jaar NJ lang tydperk is vir selfs die mees geharde misdadiger om sy lewe te verander. ✓ Hy is NJ selfaangestelde segsman./kommentator./politieke aktivis. ✓	2

15.10	Frustrasie/ferm/onbedagsaam/geïrriteerd ✓ Vroeër in die drama is Cavernelis NJvredeliewende/effe patetiese/ sagmoedige/versigtige/bedagsame karakter. ✓	1 1
15.11	Uitgeworpenheid/Uitgelewerdheid/Gedwonge verskuiwings ✓ (Soeke na) Identiteit ✓ Die tatoeëermerke is deel van die kaart van Map se lewe./is bewyse wie Map is of waar hy vandaan kom./is NJbewys van sy soeke na identiteit. ✓ **EN** Ja. Hy het die vergifnis van Blanchie en sy ma gekry/daar is genoeg bewyse dat Map weer ôn nuwe, skoon lewe, vry van die verlede se ongelukkighede, kan begin. **OF** Nee. Die politieke omstandighede (apartheid) sal dit nie vir Map moontlik maak om waarlik terug te keer na sy ou self nie. ✓	2 1 1
15.12	Dit is die apartheidsbeleid/wet waardeur nie-blankes gedwing is om na die Kaapse Vlakte te verskuif. ✓ La Guma skep NJnegatiewe/angswekkende/gelaaide/pessimistiese stemming terwyl TEKS I se stemming rustig/positief/opbouend/ entoesiasties/optimisties is. ✓	1 1

[25]

***MIS* – Reza de Wet**

VRAAG 16: OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis ôn breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Miem word deur die nagevolge van die Groot Depressie tot haar huis beperk – sonder enige vorm van vryheid** ï **omdat sy die broodwinner is wat moet sorg dat sy en Meisie oorleef./sy daagliks sakke met mis voorberei vir verkoop**./Bv. bl. 6: *Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand.*
- **Miem is 'n getroude vrou, maar is alleen; haar seksuele frustrasie maak van haar 'n gevangene. Aangesien haar man hom aan die wêreld onttrek het om op die solder van die huis te leef, is Miem reeds vir sewe jaar alleen. Gabriël moet egter daagliks versorg word wat Miem dwing om by die huis te bly – 'n soort gevangenisskap waaraan sy niks kan verander nie**. **Dit blyk uit haar ontboeseming teenoor Konstabel.**/Bv. bl. 37: *Dit is vir my 'n groot beproewing.*/Bl. 47: *Dit is so lank laas … lank laas … dat 'n man vir my goeienag gesê het. (Huil)*

- **Op 31 Augustus 1936 word Miem ook deur die sirkus wat die dorp besoek, in haar huis gevange gehou. Die vensters en die deure mag nie oopgemaak word nie omdat die sirkus alles wat boos/sleg/'n euwel is, verteenwoordig**./Bv. bl. 6: *Vannag moet 'n mens jou ore oophou. En jou oë. Die gevaar is oral.*/Bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne?*/Bl. 9: *Maak toe die deur en sluit dit.*
- **Omdat Miem 'n ouerige vrou is met allerhande gesondheidsprobleme (water op die knieë), word haar beweging aan bande gelê. Dit beteken dat sy nie kan kom en gaan soos sy wil nie – figuurlik ook 'n mate van gevangenisskap**./Bv. bl. 4: *Sug, tel haar voet op en laat dit op 'n stoel rus.*/Bl. 22: *Suikersiekte en water op die knieë.*
- **Miem is 'n konserwatiewe mens met 'n oordrewe eng/Calvinistiese lewensbenadering. Dit hou haar gevange/maak haar blind vir die werklike bose/beïnvloed haar verhouding met haar dogter negatief. Sy sien in die sirkus/-musiek/-liggies boosheid en gevaar – dit verhoed haar om die lewe buite die huis te geniet en sirkus toe te gaan. Sy vra eerder vir Gertie uit oor die fratse hoewel sy die indruk skep dat sy geskok is oor Gertie se besoek**./Bv. bl. 7: *Dis 'n euwel!!*/Bl. 11: *Maar, Gertie, hoe kon jy soontoe gaan?*
- **Op 31 Augustus 1936 hou Miem se naïwiteit ten opsigte van die moordenaar/haar neurose met betrekking tot die bose/onheil/die euwels buite die huis haar gevange binne-in die huis**, **wat op figuurlike vlak van haar 'n gevangene maak. Sy sluit hulle binne-in die huis toe asof sy so die bose kan besweer, maar sy perk net hulle vryheid in. Dis so erg dat hulle nie eers die vensters mag oopmaak nie**./Bv. bl. 5: *Slotte en grendels. Luike toegespyker.*/Bl. 15: *Maar vannag moet 'n mens versigtig wees.*
- **Miem is vals/skynheilig – haar valsheid maak eintlik ook van haar 'n gevangene, want sy mag nie erken dat sy eintlik in die sirkus belangstel/net so nuuskierig is oor die sirkus nie. Dit sal haar beeld van 'n vroom, eng, Calvinistiese ma skaad. Hierdie valsheid hou haar ook gevange en verhoed haar om die klein vreugdes/ opwinding/stukkies lewe buite die huis te geniet**./Bv. bl. 7: *Dis 'n euwel!!*/Bl. 11: *Maar, Gertie, hoe kon jy soontoe gaan?*/Bl. 11: *Nou vertel vir ons van die arme skepsels, Gertie.*
- **Miem tree in die drama op as Meisie se bewaker – sy probeer die bose besweer en terselfdertyd probeer sy voorkom dat Meisie deur die euwels/boosheid van die wêreld beïnvloed word**. **Die gevolg is dat sy Meisie behoorlik soos 'n polisieman oppas./telkens verseker dat niks met haar sal gebeur nie. Uiteraard lei dit daartoe dat Miem geen vryheid het nie**./Bv. bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne?*/Bl. 5: *Maar jy hoef jou nie te kwel nie, my kind. Ek sal die hele nag by jou waak.*
- **Die hulp wat Meisie aan haar ma moet gee t.o.v. skoonmaak van die huis/maak van sakke vir die verpakking van mis/haar pa se versorging/skoonmaak van die slopemmer maak haar 'n gevangene in haar eie huis, want sy mag nooit die weelde van vryheid buite die huis ervaar nie./mag nooit iets doen wat vir jongmense lekker is nie./sy moet net altyd werk**./Bv. bl. 6: *Die skêr is al weer stomp, Meisie, jy moet dit slyp. Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand.*/Bl. 22: *Haar man. Sewe jaar gelede het hy mos opgegaan. Ja, net na die Depressie. Sy moet hom hand en mond bedien maar hy sê geen dooie woord nie.*

- **Die finansiële nood wat Meisie-hulle ervaar, beperk haar om iets anders te doen/dwing haar om daagliks sakke vir die misverkope te maak/vereis van haar om heeldag skoon te maak en die huis te vee/af te stof wat van haar eie huis 'n soort gevangenis maak**./ Bv. bl. 26: *Daar's baie mis op die werf. Groot hope mis … Maar dit stink!*/Bl. 26: *En dis hoekom … niemand wil kom kuier nie … Laas jaar het Danie Venter kom kuier …*/Bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol sto*f.
- **Meisie is die enigste kind in die gesin/'n jongmens wat 'n eensame bestaan voer omdat sy nie vriende het nie./nie gemoedelik met haar ma kan omgaan nie./niemand by haar wil kom kuier nie a.g.v. die mis (wat sleg ruik)./sy aanhoudend moet werk**./Bv. bl. 26: *Daar's baie mis op die werf. Groot hope mis … Maar dit stink!*/Bl. 26: *En dis hoekom … niemand wil kom kuier nie …*
- **Meisie word gedomineer deur 'n baasspelerige ma./'n neurotiese ma wat haar siektetoestand misbruik om Meisie tot gehoorsaamheid te manipuleer./ ma wat in alles wat opwindend/nuut/anders is, boosheid/'n gevaar sien./'n ma met 'n oordrewe eng/ konserwatiewe lewensbenadering./'n moeilike ma wat haar van 'n doodgewone jongmenslewe/avontuur/ vryheid/individualiteit/identiteit weerhou. Daarom voer Meisie 'n ingeperkte, benouende bestaan – sy leef vir alle praktiese doeleindes binne-in 'n tronk; sy word tot absolute gehoorsaamheid gemanipuleer deur haar ma wat haar voortdurend herinner aan die gevolge van haar ongehoorsaamheid, nl. dat haar ma siek word**./Bv. bl. 7: *Destyds het jou gehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet.*/Bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*
- **Meisie word nooit toegelaat om gewone jongmensdinge te doen nie./mag nie die sirkus besoek nie./moet haar ma se opdragte gehoorsaam uitvoer. Hoewel dit haar in verset/opstand bring, mag sy nie haar ontevredenheid wys/daaroor praat nie, want haar ma eis van haar blinde gehoorsaamheid. Dit is te verstane dat Meisie sulke omstandighede soos 'n tronk sal ervaar: wanneer sy wegloop sirkus toe, kom haal haar ma haar./ongehoorsaam is, manipuleer haar ma haar tot gehoorsaamheid deur haar siekte te oordryf./altyd daarop te hamer**./Bv. bl. 7: *Destyds het jou gehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!*/Bl. 7: *Dit het my 'n knou gegee! Van toe af voel ek baie erger!*/Bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne?*
- **Die gevaar wat op 31 Augustus 1936 buite die huis dreig, maak van Meisie eintlik ook 'n soort gevangene, want alles is toegesluit./haar ma pas elke beweging wat sy maak op./hou haar met valkoë dop**./Bv. bl. 15: *… maar vannag moet 'n mens versigtig wees*./ Bv. bl. 5: *Slotte en grendels. Luike toegespyker.*
- **Meisie is emosioneel nie vry om uiting te gee aan haar wense/begeertes/ frustrasies/behoeftes nie, want haar ma ervaar elke vorm van teenkanting/reaksie as ontevredenheid en ongehoorsaamheid. Hierdie opkrop van emosies beperk Meisie in haar vryheid en hou haar figuurlik gevange**./Bv. bl. 4: *Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie*./Bl. 13: *So mooi en welgeskape maar altyd met 'n lang gesig.*
- **Meisie word tot 'n groot mate deur haar ma binne-in die huis gevange gehou wanneer sy haar verbied om selfs na die sirkusmusiek te luister en/of na die sirkusliggies te kyk**./ Bv. bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne?*/Bl. 9: *Maak toe die deur en sluit dit.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
17.1	Miem het Gertie saam met haar uit die kombuis geneem om Gertie se bed op te maak. ✓ (sodat Meisie en die konstabel mekaar kan leer ken. Miem hoop daardeur dat die konstabel in Meisie sal belangstel.) Miem se konserwatiewe/streng, tipiese volkmoeder, eng geaardheid stem nie met hierdie optrede ooreen nie; haar optrede dui eerder op óvalse moraliteitôï om Meisie aan die konstabel af te smeer om Gabriël terug te kry. ✓ *Kandidaat bied enige gemotiveerde antwoord aan wat daarop dui dat dit NIE met haar karakter ooreenstem NIE*	1 1
17.2	Sy verwys na die sirkus ✓	1
17.3	Nuuskierig/ entoesiasties/vreesbevange/kinderlik opgewonde/skaam/ naïef ✓✓ • Sy is nuuskierig/entoesiasties/geïnteresseerd in die sirkus *(opgewonde/loer)* • Sy ervaar innerlike konflik/innerlike stryd, want sy is vreesbevange, omdat haar ma haar verbied/sy mag nie na sirkus toe gaan*(vreesbevange, opgewonde*); sy weet sy mag nie praat nie, maar wil hoor en is bang Konstabel vertel • Naïef ï sy glo die konstabel ï hy het belowe om nie vir haar ma te vertel nie *(duidelik verlig)* • Sy is skaam/onseker van haarself/voel altyd skuldig omdat haar ma haar oorheers/sy nie ondervinding in vriendskap het nie/nie vriende het nie • Kinderlik (omdat sy so opgewonde is oor die sirkus) *Die kandidaat bied TWEE enige soortgelyke karaktereienskappe aan in konteks met bogenoemde of uittreksel vir EEN punt elk.* *Enige karaktereienskap: Kandidaat kan net die eienskappe noem, wat die vraag vereis* Konstabel sou maklik haar nuuskierigheid oor die sirkus kon uitbuit en haar aanmoedig / hy sou maklik haar naïwiteit, dat sy maklik glo / haar onsekerheid kon manipuleer ï hy hou ook aan met ñJy kan tog vir my sêò ñek hou ook van die sirkusòkan haar oorreed ✓ *Die kandidaat bied enige gemotiveerde eienskap aan wat Konstabel in konteks met uittreksel kon gebruik om Meisie te manipuleer*	2 1
17.4	Die hooftema is bevryding. ✓ Meisie glip uit na die sirkus waardeur sy haar vir ôn rukkie bevry van die hunkering en begeerte om uit vasgeknelde, morbiede omstandighede bevry te word. ✓ In Meisie se vertelling gaan dit oor die bevryding van die meisie uit die kis✓ en die bevryding van die voëls uit die kou. ✓	1 1 2

17.5	Meisie weet sy is nie veronderstel om met die konstabel oor haar besoek aan die sirkus te praat nie,/ om na die sirkus te kyk nie/ vreesbevange as sy daaroor praat,/om te dink is om te doen/weet haar ma het haar verbied om na die sirkus te kyk, maar sy wil graag/opgewonde besluit om dit te doen.✓✓	2
17.6	Die verskyning van die konstabel vroeër in die drama✓ Ja, want die verskyning skep die moontlikheid vir die handeling in die res van die drama./Dit is die motoriese moment in die drama en die konstabel se verskyning het die handeling aan die gang gesit. ✓ *Net die motivering word bepunt.* *NEE kan nie as antwoord aangebied word nie.*	1 1
17.7	Die vrouens is blind/sien nie duidelik/is in die duister oor wie die konstabel werklik is/sien nie die werklikheid, die waarheid t.o.v. die konstabel se bedoelings nie. ✓	1
17.8	Onheilspellend/onrustig/spannend ✓ Die hele drama is onheilspellend/spannend as gevolg van die verdwyning van die meisies en Konstabel se verskyning/as gevolg van die verwysing na die ñboseò, die ñonheilòwat met die verdwyning van die meisies en die sirkus gepaardgaan. ✓	1 1
17.9	Haar nuuskierigheid ✓ Dit kan tot haar voordeel strek, want sy kan meer van Konstabel uitvind om hom moontlik in haar geïnteresseerd te kry./Sy kan haarself so bevry uit haar eensaamheid/oujongnooiskap. ✓ *Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.*	1 1
17.10	Hy wil moontlik Gertie laat nadink oor die feit dat sy nie die waarheid praat nie/oor die leuen/dat dit nie werklik so is nie./ Dalk wil hy sy blindheid so bevestig/skep humor of dramatiese ironie vir die gehoor en leser wat weet dat hy nie blind is nie? ✓ Gertie voel skuldig/ongemaklik, sy besef sy het nie die waarheid vertel nie./Sy wil dalk nie terugkeer na die werklikheid van haar ñyl haartjiesò nie. ✓	1 1
17.11	Die ander leuen is dat sy vir Miem vertel dat sy buite gaan oefen het, dit is nie waar nie ï sy het haar klere gaan regtrek/buite aangetrek. ✓	1

17.12	Gertie kom aan die begin van die drama na Miem se huis omdat dit ón toevlug/veilig is teen die dreigende onheil in die dorp ✓ Die paradoksale teenstrydigheid is dat sy uit haar ñgroter ruimteò, haar huis, na die armoedige, beklemmende ruimte van Miem kom en dat dié ruimte vir haar ón plek van bevryding word, want vir ón kort rukkie transformeer sy in ón begeerlike tant Hannie./ ✓ *Of iets soos bv.*: Miem se huis is vir Gertie ón veilige hawe/toevlug, maar nou stel sy haar juis bloot aan Konstabel deur op te tree soos die begeerlike tant Hannie.✓ Ja, daar is ón ooreenkoms, want Meisie ervaar in TEKS K bevryding met haar sirkusverhaal,(wat in die stadium tydelike bevryding is,) net soos Gertie in TEKS L tydelike bevryding ervaar in haar belewing van die verhaal oor tant Hannie, (want sy moet weer ñaantrekòen na die werklikheid terugkeer.) ✓ *Die kandidaat bied die ooreenkoms aan om die punt te verdien.*	1 1 1

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD	5–6	4	3	2	0–1
Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 6 PUNTE	Diepgaande interpretasie van onderwerp -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en gedig	-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd -Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en gedig duidelik	-Redelike interpretasie van die onderwerp. -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp -Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en gedig	-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp -Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie -Onvoldoende begrip van genre en gedig	-Geen begrip van die onderwerp nie -Geen verwysing na die gedig nie -Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL	4	3	2	1	0–1
Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 4 PUNTE	-Samehangende struktuur -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek -Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry	-Duidelike struktuur en logiese vloei van argument -Vloei van argumente kan gevolg word -Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	-Enkele bewyse van struktuur -'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel -Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas	-Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Taalfoute beduidend -Toon en styl nie geskik nie	-Struktuur swak -Ernstige taalfoute -Foutiewe styl

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD	12–15	9–11	6–8	4–5	0–3
Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	-Uitsonderlike respons: 14–15 Uitstekende respons: 12–13 -Diepgaande interpretasie van onderwerp -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en teks	-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd -Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en teks duidelik	-Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp -Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en teks	-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie -Min punte wat die onderwerp ondersteun -Baie min relevante argumente -Weinig begrip van genre en teks	-Geen begrip van die onderwerp nie -Swak poging om die vraag te beantwoord -Argumente oortuig nie -Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL	8–10	6–7	4–5	2–3	0–1
Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	-Samehangende struktuur -Uitstekende inleiding en slot -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	-Duidelike struktuur -Logiese vloei van argument -Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer -Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	-Enkele bewyse van struktuur -Logika en samehang is duidelik, maar met foute -Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas -Paragrafering meestal korrek	-Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Taalfoute beduidend -Toon en styl nie geskik nie -Paragrafering foutief	-Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente -Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk -Styl en toon nie geskik nie -Paragrafering foutief
VERSPREIDING VAN PUNTE	20–25	15–19	10–14	5–9	0–4

			BARRETT'S TAKSONOMIE						UITDAGING		
Vr	**PUNTE**	**ONDERWERP**	**Letterlik**	**Herorganiseer**	**Afleiding**	**Evaluasie**	**Waardering**		**Maklik**	**Medium**	**Moeilik**
2.1	2	Titel/ironie		1	1				1	1	
2.2	2	Spreker		1	1				1	1	
2.3	3	Stylfiguur/Woordbetekenis		1	1	1			1	1	1
2.4	2	Implikasie			1					1	
2.5	1	Beeldspraak/Interpretasie		1		1			1		1
	10	**TOTAAL/10**	**0**	**4**	**4**	**2**	**0**	**10**	**4**	**4**	**2**
		TOTAAL/10	**4**		**4**	**2**					
		%	**40%**		**40%**	**20%**		**100%**	**40%**	**40%**	**20%**
		DOEL %	**40%**		**40%**	**20%**			**40%**	**40%**	**20%**
3.1	1	Woordbetekenis/Progressie		1	1				1	1	
3.2	3	Halfrym/ denotatief/konnotatief		1	1	1			1	1	1
3.3	2	Beeldspraak/ironie		1		1			1		1
3.4	2	Stylfiguur			1					1	
3.5	2	Stemming/Interpretasie		1	1				1	1	
	10	**TOTAAL/10**	**0**	**4**	**4**	**2**	**0**	**10**	**4**	**4**	**2**
		TOTAAL/10	**4**		**4**	**2**					
		%	**40%**		**40%**	**20%**		**100%**	**40%**	**40%**	**20%**
		DOEL %	**40%**		**40%**	**20%**			**40%**	**40%**	**20%**
4.1.1	3	Woordbetekenis/Uitheffingstegniek		1	2				1	2	
4.1.2	2	Interpretasie			2					2	
4.2	1	Funksie van Retoriese vraag		1					1		
4.3	2	Denotatiewe/Konnotatiewe betekenis		2					2		
4.4	2	Simboliek/Ironie				2					2
	10	**TOTAAL/10**	**0**	**4**	**4**	**2**	**0**	**10**	**4**	**4**	**2**
		TOTAAL/10	**4**		**4**	**2**					

Kopiereg voorbehou

		%	**40%**		**40%**	**20%**		**100%**	**40%**	**40%**	**20%**
		DOEL %	**40%**		**40%**	**20%**			**40%**	**40%**	**20%**

5.1	2	Uiterlike bou		2					2		
5.2	2	Denotatief/Konnotatief/Interpretasie		2	1				2	1	
5.3	3	Beeldspraak			1					1	
5.4	1	Stylfiguur/ Funksie van stylfiguur			2					2	
5.5	2	Boodskap				2					2
	10	**TOTAAL/10**	**0**	**4**	**4**	**2**	**0**	**10**	**4**	**4**	**2**
		TOTAAL/10	**4**		**4**	**2**					
		%	**40%**		**40%**	**20%**		**100%**	**40%**	**40%**	**20%**
		DOEL %	**40%**		**40%**	**20%**			**40%**	**40%**	**20%**

7.1	1	Karakters		1					1		
7.2	3	Karakters/Interpretasie		1	2				1	2	
7.3	1	Inhoudelik			1					1	
7.4	2	Inhoudelik/Interpretasie		1	1				1	1	
7.5	1	Karaktereienskappe		1					1		
7.6	1	Inhoudelik		1					1		
7.7	2	Karakters		2					2		
7.8	3	Karakters/Interpretasie			3					3	
7.9	2	Teksinterpretasie			1	1				1	1
7.10	2	Handelinge		1	1				1	1	
7.11	4	Kontras/Handelinge		2	1	1			2	1	1
7.12	3	Karakterontwikkeling				3					3
	25	**TOTAAL/10**	**0**	**10**	**10**	**5**	**0**	**25**	**10**	**10**	**5**
		TOTAAL/10	**10**		**10**	**5**					
		%	**40%**		**40%**	**20%**		**100%**	**40%**	**40%**	**20%**
		DOEL %	**40%**		**40%**	**20%**			**40%**	**40%**	**20%**

Kopiereg voorbehou

9.1.1	1	Woordbetekenis	1						1		
9.1.2	1	Karakters		1					1		
9.2	2	Karakters/Interpretasie		1	1				1	1	
9.3	2	Ironie			2					2	
9.4	2	Karakters		2					2		
9.5	3	Karaktereienskappe/Handeling		2	1				2	1	
9.6	2	Karakters			2					2	
9.7	2	Karakters/ Inhoudelik		1	1				1	1	
9.8	3	Karakters/Ironie		1		2			1		2
9.9	3	Karakters/ Inhoudelik/Interpretasie		1	1	1			1	1	1
9.10	4	Handeling/Karakters/Interpretasie			2	2				2	2
	25	**TOTAAL/10**	**1**	**9**	**10**	**5**	**0**	**25**	**10**	**10**	**5**
		TOTAAL/10	**10**		**10**	**5**					
		%	**40%**		**40%**	**20%**		**100%**	**40%**	**40%**	**20%**
		DOEL %	**40%**		**40%**	**20%**			**40%**	**40%**	**20%**

11.1	2	Karakters		2					2		
11.2	1	Ruimte		1					1		
11.3	2	Karaktereienskappe		2					2		
11.4	1	Funksie van Verteller			1					1	
11.5	2	Stereotipering			2					2	
11.6	3	Lewenswaardes/Interpretasie		2	1				2	1	
11.7	1	Stemming			1					1	
11.8	3	Karaktereienskappe/Interpretasie		1	1	1			1	1	1
11.9	1	Handelinge		1					1		
11.10	2	Woordgebruik/Interpretasie		1		1					1
11.11	3	Ironie/Interpretasie			2	1				2	1
11.12	1	Titel/Eietydse problematiek			2	2				2	2
	25	**TOTAAL/10**	**0**	**10**	**10**	**5**	**0**	**25**	**10**	**10**	**5**

Kopiereg voorbehou

		TOTAAL/10	**10**		**10**	**5**					
		%	**40%**		**40%**	**20%**		**100%**	**40%**	**40%**	**20%**
		DOEL %	**40%**		**40%**	**20%**			**40%**	**40%**	**20%**

13.1	1	Titel			1					1	
13.2	2	Ruimte/Inhoud		1	1				1	1	
13.3	1	Karakters		1					1		
13.4	2	Inhoudelik		2					2		
13.5	4	Karakters/Handeling/Interpretasie		1	1	2			1	1	2
13.6	3	Handeling/Inhoud/Karaktereienskappe		1	1	1			1	1	1
13.7	1	Inhoudelik		1					1		
13.8	3	Karakters/Inhoudelik		1	1	1			1	1	1
13.9	2	Karakterontwikkeling			2					2	
13.10	2	Funksie van die stiltes			2					2	
13.11	3	Innerlike konflik/Interpretasie		1	1	1			1	1	1
13.12	1	Karakterontwikkeling		1					1		
	25	**TOTAAL/10**	**0**	**10**	**10**	**5**	**0**	**25**	**10**	**10**	**5**
		TOTAAL/10	**10**		**10**	**5**					
		%	**40%**		**40%**	**20%**		**100%**	**40%**	**40%**	**20%**
		DOEL %	**40%**		**40%**	**20%**			**40%**	**40%**	**20%**

15.1	1	Funksie van toneelaanwysings		1					1		
15.2	1	Agtergrond		1					1		
15.3	2	Inhoudelik		2					2		
15.4	3	Styfiguur/Simboliek		1	1	1			1	1	1
15.5	1	Ironie			1					1	
15.6	3	Simboliek/Karakterverandering		1	1	1			1	1	1
15.7	3	Karakters/Lewensdoel		1	1	1			1	1	1
15.8	1	Funksie van toneelaanwysings		1					1		

Kopiereg voorbehou

15.9	2	Karaktertrekke			1	1				1	1
15.10	2	Karakterontwikkeling			2					2	
15.11	4	Tema/Simboliek/Karakterontwikkeling		1	2	1			1	2	1
15.12	2	Ruimte/Stemming		1	1				1	1	
	25	**TOTAAL/10**	**0**	**10**	**10**	**5**	**0**	**25**	**10**	**10**	**5**
		TOTAAL/10	**10**		**10**	**5**					
		%	**40%**		**40%**	**20%**		**100%**	**40%**	**40%**	**20%**
		DOEL %	**40%**		**40%**	**20%**			**40%**	**40%**	**20%**

17.1	2	Inhoudelik/Karakters		2					2		
17.2	1	Inhoudelik		1					1		
17.3	3	Neweteks/Karakterisering		1	1	1			1	1	1
17.4	4	Tema/Interpretasie		1	2	1			1	2	1
17.5	2	Innerlike konflik			2					2	
17.6	2	Verhaalverloop		2					2		
17.7	1	Simboliek			1					1	
17.8	2	Stemming/Inhoudelik			1	1				1	1
17.9	2	Karaktereienskappe		1	1				1	1	
17.10	2	Suggestie/ Funksie van stilte			1	1				1	1
17.11	1	Inhoudelik		1					1		
17.12	3	Paradoks/Inhoudelik		1	1	1			1	1	1
	25	**TOTAAL/10**	**0**	**10**	**10**	**5**	**0**	**25**	**10**	**10**	**5**
		TOTAAL/10	**10**		**10**	**5**					
		%	**40%**		**40%**	**20%**		**100%**	**40%**	**40%**	**20%**
		DOEL %	**40%**		**40%**	**20%**			**40%**	**40%**	**20%**

Kopiereg voorbehou